# FEDERASIEBEWEGING IN SUID-AFRIKA, 1870-1881[1]

Die Konvensies van Sandrivier (1852) en Bloemfontein (1854) het die seël geplaas op die verbrokkeling wat die Blanke bevolking aan die suidpunt van Afrika as 'n uitvloeisel van die Groot Trek ondergaan het. Suidelike Afrika was, oppervlakkig beskou, verdeel in 'n koloniale suide en 'n republikeinse noorde. Die verbrokkeling het egter verder as dit gestrek, want nòg die republikeinse noorde, nòg die koloniale suide het politieke eenhede gevorm. Die twee Boererepublieke, die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek, het elkeen 'n eie weg ingeslaan. Welis-waar was Natal aanvanklik 'n distrik van die Kaapkolonie, maar hierdie verbintenis is in 1857 beëindig toe Natal 'n afsonderlike Britse kolonie geword het.

Hoewel die twee Britse kuskolonies en die twee binnelandse Boere-republieke eers in 1910 verenig het, was daar in die laaste helfte van die negentiende eeu talle pogings om die Suid-Afrikaanse state en kolonies nouer saam te bind. In die republieke was daar byna voortdurend kragte aan die werk om vereniging te bewerkstellig; 'n behoefte wat trouens reeds gedurende die Groot Trek aan die lig gekom het.[2] Van Britse kant was daar telkens 'n begeerte om die Britse kolonies in Suid-Afrika en een of albei van die republieke in 'n federasie onder die Britse vlag te betrek. Die bekendste hiervan is die federasiepoging van sir George Grey, later gevolg deur dié van lord Carnarvon. Dit is veral op laasgenoemde waarop in die jongste werk oor die federasiebewegings gekonsentreer word, naamlik in *Great Britain and South African Confederation 1870-1881* deur C. F. Goodfellow.

Clement Francis Goodfellow, wat kort voor die verskyning van sy werk oorlede is, was Senior Lektor en Hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Botswana, Lesotho en Swaziland en tevore verbonde aan die Universiteit Rhodes. Hy het hierdie werk onder die leiding van prof. N. Mansergh van St. John's College, Cambridge, geskryf en daarmee 'n bydrae gelewer op die terrein van die Britse koloniale beleid ten opsigte van Suid-Afrika.

Juis omdat 'n studie van die negentiende eeuse Suid-Afrikaanse Geskiedenis sonder kennis van die Britse koloniale beleid haas ondenkbaar is, het historici hulle reeds op die terrein van die Britse beleid ten opsigte van Suid-Afrika begeef. Onder die vernaamste werke wat in hierdie opsig verskyn het, moet gereken word C. F. J. Muller se *Die Britse Owerheid en die Groot Trek*,[3] J. S. Galbraith se *Reluctant Empire*,[4] C. J. Uys se

1. Besprekingsartikel oor C. F. Goodfellow: *Great Britain and South African Confederation* 1870-1881 (Oxford University Press, Kaapstad, 1966).
2. Vgl. o.a. F. A. van Jaarsveld: *Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners* 1836-1864 (Johannesburg, 1951) en E. M. Attree: *The Closer Union Movements between the Orange Free State, South African Republic and Cape Colony* 1838-1863 (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis 1949, I).
3. Kaapstad, 1948, 2de hersiene uitgawe, Johannesburg, 1963.
4. Berkeley, 1963.

*In the Era of Shepstone*[5] en twee werke van C. W. de Kiewiet, *British Colonial Policy and the South African Republics*[6] en *The Imperial Factor in South Africa.*[7] Oor die Britse federasiebeleid in Suid-Afrika in die besonder, is veral die werke van Uys en De Kiewiet van belang. In sy voorwoord gee Goodfellow dan ook erkenning aan hierdie twee historici en meld hy dat De Kiewiet sy belangstelling geprikkel het.

Dit sal dus foutief wees om te beweer dat Goodfellow 'n braak terrein betree het. Tog is hy die eerste om slegs die konfederasie-aspek van die Britse koloniale beleid ten opsigte van Suid-Afrika as tema deurlopend na te vors.[8] Die konfederasieskemas as sodanig het Goodfellow egter nie volledig behandel nie.[9] „This study," verduidelik hy in sy voorwoord, „is concerned with British imperial motives and methods, rather than with the results of their failure".[10] In sy ontleding van die motiewe en metodes, neem hy kennis van die persoonlikhede wat by die vasstelling van die Britse koloniale beleid betrokke was, veral sekretarisse en onder-sekretarisse van kolonies,[11] asook van ander bepalende faktore soos finansies, filantropie en omstandighede binne en buite Suid-Afrika.

Die werk is verdeel in twaalf hoofstukke, waarvan tien gewy word aan die hooftema, die konfederasieskemas gedurende 1870-1881. Van die ander twee hoofstukke handel hoofstuk 2 kortliks oor soortgelyke skemas voor 1870, terwyl in hoofstuk 1 gewys word op die belangrikste verskille wat daar in Suid-Afrika voorgekom het. Hoofstuk 1 dra dan ook die paslike titel „South Africa: stiff clay for Imperial potters". Hierin word duidelik uiteengesit in watter staat van verdeeldheid die verskillende Suid-Afrikaanse state en kolonies op ekonomiese, politieke en kulturele gebied verkeer het. In werklikheid was daar weinig saambindende kragte en slegs geografiese eenheid. Uit hierdie verdeeldheid wou verskeie Britse regerings politieke eenheid opbou. In die lig van dié hindernisse, is dit dan ook geen wonder nie dat die pogings almal misluk het. „More surprising is the fact that with considerable persistence, and over a relatively long period, they (successive British governments) applied themselves to this very formidable task," aldus Goodfellow.[12]

In hoofstuk 2 onderskei Goodfellow tussen drie pogings tot konfederasie in die tydperk voor 1870, naamlik eerstens dié van graaf Grey, 1850-1851;

5. Lovedale, 1933.
6. Londen, 1929.
7. Cambridge, 1937, 2de druk, Londen, 1965.
8. Ongepubliseerde werke soos W. J. de Kock: *Federation and Confederation in South Africa* 1870-1880 (M.A.-verhandeling, Universiteit Kaapstad, 1938) word buite rekening gelaat.
9. Met die woord *konfederasie* bedoel Goodfellow alle pogings tot politieke eenheid in een of ander vorm.
10. P. ix.
11. Die vernaamste persone in die Britse koloniale kantoor was die „Secretary of State for the Colonies", wat 'n kabinetsminister was, die „Parliamentary Under-Secretary", wat met 'n adjunk-minister vergelyk kan word, en die „Permanent Under-Secretary", wat by ons ooreenstem met die sekretaris van 'n staatsdepartement. Na hierdie persone word voorts respektiewelik verwys as die sekretaris, die parlementêre onder-sekretaris en die permanente onder-sekretaris van kolonies.
12. P. 11.

tweedens dié van Bulwer-Lytton en sir George Grey, 1858-1860; en laastens dié van Buckingham, 1868-1869. Streng gesproke, val hierdie skemas buite die tydperk wat Goodfellow intensief nagevors het, maar hy behandel dit kortliks ten einde 'n basis van vergelyking vir die latere skemas te vind.

Na sir Harry Smith se anneksasie van die Transoranje het graaf Grey, die Britse sekretaris van kolonies, gedink aan 'n federasie vir die Kaapkolonie, Natal en die Oranjerivier-Soewereiniteit. Daarbuite sien Grey selfs 'n Bantoe-konfederasie met Britse residente en sendelinge aan die spits. Sy motief was hoofsaaklik om vryhandel aan te moedig en die inboorlinge te beskerm en te beskaaf. Grey se visioen was egter van korte duur, want premier lord John Russell het dit teengegaan en omstandighede binne en buite Suid-Afrika het op die aanname van die konvensiebeleid afgestuur.

Hierna volg in 1858-1860 die skemas van sir George Grey en Bulwer-Lytton; die een uit Kaapstad en die ander uit Downingstraat. Uiteindelik vernietig die twee mekaar. Grey wou die republieke insluit, terwyl Bulwer-Lytton hulle wou uitsluit. Grey wou die gevaar van buitelandse bedreiging, asook die grensoorloë en vereniging van die twee republieke voorkom, terwyl Bulwer-Lytton hoofsaaklik aan besuiniging gedink het.

Na die anneksasie van Basoetoland in 1868 wou die hertog van Buckingham, wat toe sekretaris van kolonies was, ook verantwoordelikhede ontduik. Dit wou hy doen deur die Kaapkolonie, Natal en Basoetoland te konfedereer. Hierin word hy gesteun deur die parlementêre onder-sekretaris van kolonies, sir Charles Adderley, wat hom reeds in die vyftigerjare in die Britse laerhuis sterk teen die konvensiebeleid uitgespreek het, asook deur sir Frederick Rogers, die permanente onder-sekretaris. Die bedoeling was egter duidelik dat die inisiatief vir 'n konfederasie uit Suid-Afrika moes kom, waar die anneksasie van Basoetoland juis reaksie uitgelok het om die verdeeldheid nog meer te beklemtoon.

Wanneer Goodfellow die konfederasieskema van 1870-1881 behandel, is dit duidelik dat die ontdekking van diamante en wat daaruit voortgevloei het, die spil was waarom alles aanvanklik gedraai het. Die strategiese belangrikheid van Suid-Afrika het egter nog die hoofmotief gebly. In hierdie tydperk was daar ook, hoewel Goodfellow dit nie as 'n hergeboorte van Imperialisme wil bestempel nie, bewegings vir nouere betrekkinge met die kolonies, byvoorbeeld die Imperiale federasie-gedagte wat 'n gemeenskap van Britse state, gebind deur sentiment in plaas van deur magsvertoon, beoog het. Weer was besuiniging die hoofmotief. Lord Kimberley, die sekretaris van kolonies in die Liberale kabinet van Gladstone, was teen 'n Imperiale federasie wat die kolonies sou vererg en hulle na onafhanklikheid sou laat streef, maar het koloniale selfregering as die sekerste waarborg vir lojaliteit beskou. Ook Robert Herbert, wat Rogers in 1871 as permanente onder-sekretaris opgevolg het, het hierdie gedagte gesteun en het geglo aan konsolidasie eerder as aan uitbreiding. Die beleid was dan ook dat waar anneksasie nodig was, soos in die geval van die diamantvelde, dit deur 'n Britse kolonie — in hierdie geval die Kaapkolonie —

en nie deur die Imperiale regering nie, onderneem moes word. Die Kaapkolonie het egter nog nie oor verantwoordelike bestuur beskik nie en gebeure sou die beleid vooruitloop. Wel het die Britse kabinet in November 1871 besluit om konfederasie aan te moedig ten einde die diamantveld-probleem, sowel as die afskeidingsbeweging in die Kaapkolonie, in die reine te bring, dog die anneksasie van Griekwaland-Wes het gevolg, wat 'n nuwe kolonie daargestel het.

Kimberley het verwag dat die Kaapkolonie die inisiatief vir 'n konfederasie moes neem, maar die Kaapkolonie, wat in 1872 selfregering ontvang het, was nie te vinde vir die oorname van Griekwaland-Wes, of vir die federasieplan nie. Kimberley se motief was duidelik om Britse oppergesag in die strategies-belangrike Suid-Afrika te handhaaf sonder om uitgawes aan te gaan. Die beleid het egter misluk vanweë die diamantveldegeskil. Hierdie geskil moes eers aandag geniet alvorens verder aan konfederasie gewerk kon word. Dit sou die taak wees van lord Carnarvon, wat in Februarie 1874 in Disraeli se Konserwatiewe kabinet as sekretaris van kolonies opgeneem is.

Goodfellow toon aan dat Carnarvon een van die persone was wat meegedoen het om sir George Grey se federasieskema te verongeluk. Carnarvon was toe parlementêre onder-sekretaris en het die standpunt gehuldig dat die verdeeldheid in Suid-Afrika en die daaruit-voortvloeiende besef van individuele swakheid die beste waarborg vir 'n regverdige behandeling van die Bantoestamme was. Gedurende 1866-1867 word Carnarvon egter vir 'n paar maande sekretaris van kolonies en kom hy tot die besef dat Brittanje nie die inboorlinge kon beskerm nie en dat koloniale selfregering wenslik was. As toegewyde imperialis wou Carnarvon nie alle bande met die kolonies verbreek nie, maar beoog hy om die Ryk te konsolideer en skroom hy nie om uitgawes daarvoor aan te gaan nie. Hierin word hy gesteun deur sy neef Robert Herbert, die permanente ondersekretaris. Ook in die historikus J. A. Froude het Carnarvon 'n belangrike ondersteuner en adviseur gevind.

In 1874 het Froude toevallig aan Carnarvon gemeld dat hy 'n reis na Australië beplan om te gaan ondersoek in welke mate die bande tussen hierdie kolonie en die moederland verstewig kon word. Op aandrang van Carnarvon wysig Froude egter sy reisplan en besoek hy Suid-Afrika. Intussen het Carnarvon reeds die konfederasiegedagte aanvaar en win hy advies daaroor in, onder andere van Herbert en Theophilus Shepstone. Herbert was ten gunste van direkte Imperiale toesig oor Simonsbaai en oor Nie-blanke aangeleenthede, wat egter 'n beperking sou wees op die reg wat die Kaapkolonie reeds onder verantwoordelike regering geniet het. Shepstone het op sy beurt geglo dat die Imperiale regering moeilik Nieblanke sake in selfregerende kolonies kon beheer.

Vanuit Suid-Afrika het Froude gerapporteer dat konfederasie kon slaag mits die republieke oor die diamantvelde tevrede gestel word, en die Blankes toegelaat word om hulle eie naturellebeleid uit te werk. Die Imperiale regering moes hom dus beperk tot direkte toesig oor Simonsbaai

en die land verder aan homself oorlaat. Carnarvon het ag geslaan op Froude se bevindings en in Januarie 1875 wysig hy die beleid wat jeens die republieke gevolg is — 'n beleid van vyandskap en suspisie word vervang deur een van kompromis.

Ongelukkig vir Carnarvon het hy probleme in Natal ondervind as gevolg van die Langalibalele-opstand. Hy stuur dus vir sir Garnet Wolseley om Imperiale seggenskap in Natal se naturellesake te verkry; 'n stap wat eintlik nie rym met Froude se aanbeveling nie, maar waartoe Carnarvon deur omstandighede gedwing is. Nietemin kondig Carnarvon op 12 April 1875 in die Britse Hoërhuis sy plan aan om eenheid in Suid-Afrika te verkry, veral deur vriendskaplike betrekkinge met die republieke, en op 4 Mei 1875 stuur hy 'n opdrag na die Kaapkolonie vir die byeenroeping van 'n konferensie. Ook Froude vertrek vir die tweede keer na Suid-Afrika om die Imperiale regering op die konferensie te verteenwoordig.

Volgens Goodfellow was Carnarvon, bygestaan deur Herbert, die argitek van die beleid en Froude „filled the secondary though essential roles of surveyor and consulting engineer".[13] Die brief van 4 Mei het nie die presiese vorm van die konfederasie uitgewerk nie, dog Goodfellow het 'n paar belangrike punte uitgepluis. Verantwoordelike bestuur moes as basis dien, maar in die geval van Natal en Griekwaland-Wes sou dit iets minders wees, omdat Carnarvon graag seggenskap oor hulle naturellesake wou hê. Goodfellow meen dat Carnarvon moontlik gehoop het om selfs op federale vlak 'n mate van seggenskap oor die naturellebeleid te behou. Daarenteen het Froude nie omgegee dat die Nie-blankes vernietig word nie, want anders sou hulle die Blankes uitdelg, terwyl Herbert die Bantoes as noodsaaklik vir arbeidsdoeleindes beskou het.

Die onderliggende motief by Carnarvon, aldus Goodfellow, was om uit die verdeeldheid in Suid-Afrika 'n sterk staat op te bou ter wille van die strategies-belangrike Simonsbaai. In verdeeldheid het hy 'n gevaar gesien wat die sekuriteit en eenheid van die Ryk kon aantas en daarom kon daar nie gewag word dat Suid-Afrika self die inisiatief neem nie, maar moes die weg na 'n konfederasie vanuit Downingstraat aangedui word. Carnarvon se eerste federasiestap het egter misluk, soos Goodfellow tereg aantoon, veral vanweë die houding van die Molteno-regering, Froude se ondiplomatiese optrede in Suid-Afrika en die swak posverkeer tussen Kaapstad en Londen.

Tog het Carnarvon nie moed opgegee nie en hy het selfs die Kaapkolonie gedreig dat hy 'n konfederasie sou saamstel uit Natal, Griekwaland-Wes en een of albei republieke. Die MacMahon-uitspraak van 1875 het natuurlik aan die Boere 'n nie-Britse hawe gewaarborg. Derhalwe het Carnarvon dit noodsaaklik geag om Transvaal in die beoogde konfederasie in te sluit. Volgens Goodfellow was Carnarvon, wat president Burgers in Mei 1875 in Londen ontmoet het, hoopvol dat Transvaal sou saamwerk. Goodfellow wys egter daarop dat Carnarvon die Keate-uitspraakgebied as lokaas aan die Transvaal wou voorhou, maar dat Transvaal hierdie gebied

13. P. 67.

teen September 1875 reeds prakties in besit gehad het. Op dieselfde wyse wou Carnarvon die oplossing van die diamantvelde-geskil 'n lokmiddel maak om die Vrystaat die konferensie te laat bywoon, maar president Brand het onwrikbaar daarop aangedring dat die diamantveldkwessie eers besleg moes word alvorens konfederasie ter sprake kon kom.

Carnarvon se besluit om die konferensie in Londen te hou, is deur Froude geïnspireer toe hy aan Carnarvon berig het dat John Paterson, die politieke leier van die Oostelike Provinsie, hoopvol was dat hy die Molteno-regering tot 'n val kon bring en daarna sou oorneem en voorstel dat afgevaardigdes na 'n konferensie in Londen gestuur word. Hierop het Carnarvon in November 1875 'n „three-point strategy" aanvaar. Die eerste punt was om Brand na Londen te nooi vir 'n oplossing van die diamantvelde-geskil; die tweede om Molteno na Londen te nooi vir samesprekings oor die oorname van Griekwaland-Wes; en die derde om tegelykertyd 'n konferensie in Londen te belê.

Goodfellow behandel hierdie drie punte volledig, waaruit dit duidelik blyk dat ook hierdie taktiek van Carnarvon onsuksesvol was. Met Brand en Molteno het Carnarvon nie sy sin gekry nie. Brand wou nie besprekings oor konfederasie voer nie. Molteno het geglo dat die tyd vir eenwording nie ryp was nie en wanneer dit wel ryp word, moes die Kaapkolonie en nie die Imperiale regering nie, die inisiatief neem. Molteno het ook voorkeur gegee aan 'n unie, wat daarop neerkom dat die Kaapkolonie ander gebiede moes inlyf. Tydens die sewe sittings van die konferensie is slegs naturellesake bespreek en tien resolusies daaroor aangeneem, onder andere dat die regerings in Suid-Afrika Bantoe-ouers moes oorreed om hulle kinders by Blankes in te boek sodat hulle kon leer om te werk;[14] en dat die verskaffing van vuurwapens aan Nie-blankes ongewens was.[15]

Na hierdie mislukkings slaan Carnarvon 'n ander rigting in wat sou uitloop op die anneksasie van Transvaal deur Theophilus Shepstone, die man wat op advies van sir Garnet Wolseley tot ridder geslaan is ten einde te beklemtoon dat eer betoon word aan diegene wat Carnarvon ondersteun. Carnarvon se vernaamste probleme was hoe om by die konvensiebeleid verby te kom en hoe om die Kaapkolonie in 'n konfederasie te dwing. Die republieke wou nie vrywillig van die konvensies afsien nie, dus buit Carnarvon die Suid-Afrikaanse Republiek se vatbaarheid vir magsgebruik uit en vernietig hy die konvensies deur anneksasie. Die Kaapkolonie wou hy tot konfederasie dwing deur 'n Permissiewe Federasie-wet deur die Britse parlement te loods, wat tegelykertyd die Kaapkolonie sou magtig om

14. Dit rym nie met die beskuldigings wat telkens ingebring is dat die inboekstelsel 'n bedekte vorm van slawerny was nie. Vgl. bv. W. Kistner: *The anti-slavery Agitation against the Transvaal Republic* 1852-1868 (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis 1952, II). Foontlik was die begeerte om 'n federasie te bewerkstellig so sterk dat selfs die filantropiese faktor opgeoffer sou word.

15. Kort hierna, toe sake vir die koloniale kantoor skeef begin loop het, was Herbert se kommentaar egter dat „ . . . the proposals of the Conference as to co-operation seems inapplicable to the condition of affairs at this moment; as we can hardly provide President Burgers with arms and prevent poor Secocoeni from defending himself." Aangehaal in Goodfellow, p. 116.

Griekwaland-Wes oor te neem, 'n stap wat die Kaapse regering reeds beloof het om te doen.

Vervolgens behandel Goodfellow die voorbereidsels vir die anneksasie van Transvaal, die konsep-Suid-Afrika-wet, die anneksasie van Transvaal, die reaksie op die konsep-Suid-Afrika-wet, die aanname van die Suid-Afrika-wet deur die Britse parlement in Augustus 1877, en uiteindelik Carnarvon se bedanking op 25 Januarie 1878. Hieruit blyk dit dat Wolseley vir Carnarvon op die gedagte gebring het om Shepstone op 'n spesiale sending na Transvaal te stuur. Goodfellow bewys ook onomstootlik dat die anneksasie 'n deel van Carnarvon se federasieplan uitgemaak het, hoewel Carnarvon later in die Britse Hoërhuis ontken het dat dit die geval was. Carnarvon het egter moeilikhede ondervind, want Shepstone het met die anneksasie beloof dat Transvaal 'n aparte kolonie sou bly. Boonop was die Molteno-regering steeds teen konfederasie gekant. Selfs die belofte van 'n sir-skap kon Molteno nie oorhaal nie. Om alles te kroon, het die Transvaalse anneksasie dwarsdeur Suid-Afrika 'n reaksie teen Imperiale inmenging ontketen.

Carnarvon het met sy bedanking van die toneel verdwyn, maar het drie belangrike beginsels vir 'n Suid-Afrikaanse konfederasie nagelaat, naamlik (1) 'n strewe na Imperiale sekuriteit, (2) Blanke selfregering, en (3) Imperiale seggenskap ten opsigte van Nie-blanke sake, wat verkies is bo die verskansing van die regte van Nie-blankes in die konstitusie. Carnarvon het ook twee instrumente nagelaat, naamlik die Suid-Afrika-wet en sir Bartle Frere.

Reeds met Froude se tweede besoek aan Suid-Afrika het hy aanbeveel dat Barkly as hoë kommissaris deur Frere vervang moes word. Later was Froude daarvan oortuig dat slegs Wolseley bevoeg was om die kastaiings uit die vuur te krap. Carnarvon het wel vir Wolseley gepols, maar hy wou nie sy reputasie op die spel plaas nie. Frere het dus hoë kommissaris geword en nog voor Carnarvon se bedanking, het Frere die inisiatief in Suid-Afrika oorgeneem. Hierin het sir Michael Hicks-Beach, wat Carnarvon as sekretaris van kolonies opgevolg het, hom berus, miskien omdat die 63-jarige Frere 22 jaar ouer as Hicks-Beach was. Frere se siening was dat konfederasie gebou moes word op twee steunpunte, naamlik Blanke selfregering, en onderwerping en beskawing van die Bantoes. Hy het eerste aan die tweede steunpunt aandag gegee, omdat hy geglo het dat 'n konfederasie nie tot stand kon kom solank daar vyandige stamme aan die grense van die Blanke gebiede gewoon het nie. Hierdie siening lei tot die Anglo-Zoeloe-oorlog van 1879.

In hoofstuk 10 toon Goodfellow aan hoe hierdie oorlog, maar veral die Slag van Isandhlwana, die Britse regering in die verleentheid geplaas het en 'n kentering in die koloniale beleid veroorsaak het. Nogtans was konfederasie nog die wagwoord vir Suid-Afrika, want dit sou meebring 'n selfverdedigende staat en onttrekking van Imperiale beheer. Frere is egter die inisiatief ontneem uit vrees dat hy Brittanje se verantwoordelikhede sou uitbrei. Frere het natuurlik nog sy visier op ander Nie-blanke gebiede

ingestel gehad, naamlik die Transkei, die Keate-uitspraakgebied en die groot gebied wat van die weskus tot in Masjonnaland gestrek het. Inderdaad is Frere, wat die blaam vir die Zoeloe-oorlog moes dra, slegs in die Kaap gehou omdat hy konfederasie kon aanhelp.

Van die Kaapse regering het Hicks-Beach 'n eensydige verklaring verwag waarin die noodsaaklikheid van nouere aaneensluiting bevestig word. Hiervan het die Kaapse regering egter weggeskram deur in Januarie 1880 voor te stel dat 'n konferensie gehou word. Hicks-Beach is hiermee tevrede gestel, maar elders was die toestande ongunstig, veral in Transvaal waar die Boerekomitee in April 1880 vir Kruger en Joubert na Kaapstad afgevaardig het om konfederasie teen te werk.

Op hierdie stadium het die Liberale Party die leisels in Engeland oorgeneem. Goodfellow meen dat die federasiegedagte reeds die genadeslag toegedien is met die Slag van Isandhlwana en die aanstelling van Wolseley as hoë kommissaris vir Suid-oos-Afrika. Hierdie aanstelling het eintlik beteken dat die eenheid wat daar nog bestaan het, verbreek is. Volgens Goodfellow het die Konserwatiewes na Isandhlwana 'n skynbeleid gevolg om die kiesers se aandag af te trek van die opofferings wat reeds in die naam van konfederasie gemaak is, en hulle aandag te vestig op die beloning wat in sig was, naamlik die vermindering van verantwoordelikhede in Suid-Afrika. Die beleid was dus negatief, waar dié van Carnarvon en Frere positief was. Die Konserwatiewe regering het die konfederasiebeleid reeds laat vaar, maar die verkiesingsnederlaag het hom daarvan gered om dit openlik te erken, is Goodfellow se weloorwoë mening.

In Mei 1880 het die Liberale regering besluit om selfregering en konfederasie in Suid-Afrika aan te moedig, maar om verdere uitbreiding teen te gaan. Die behoud van Transvaal was, volgens Goodfellow, nodig om konfederasie te bevorder. Hy opponeer dus vir De Kiewiet wat beweer dat Transvaal om humanitêre redes behou is.

In Junie 1880 het die Kaapse regering afgesien van sy voorstel vir 'n konferensie; 'n stap waartoe Kruger en Joubert bygedra het. Frere wou nie graag die nederlaag erken nie, maar het toegegee dat die kwessie van nouere aaneensluiting aan die kolonies self oorgelaat moes word. Die nuwe sekretaris van kolonies, lord Kimberley, het hierdie beginsel aanvaar en dus teruggeval op sy beleid van 1872. Vir die Britse koloniale kantoor was daar dus nie meer 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse probleem nie, maar individuele probleme vir elke afsonderlike Suid-Afrikaanse kolonie en hulle grensgebiede. Ten slotte behandel Goodfellow die vernaamste van hierdie probleme, onder andere in Transvaal, wat konfederasie heeltemal onmoontlik gemaak het.

In die slothoofstuk val Goodfellow terug op sy probleemstelling en gee hy 'n duidelike en logiese uiteensetting van die onderliggende motiewe vir elk van die federasieskemas, maak hy 'n paar veralgemenings, beveg hy 'n paar stellings deur ander skrywers, en kom hy self met vyf stellings vorendag.

Goodfellow het 'n goeie bydrae tot ons geskiedskrywing gelewer. Sy probleemstelling is duidelik en hy het ondubbelsinnig 'n antwoord daarop verskaf. Waarom hy slegs die motiewe en metodes vir die konfederasieskemas as probleem gestel het, is nie heeltemal duidelik nie, want hy wys ook op die redes vir mislukking. In sy geheel gee die werk 'n duidelike beeld van die doen en late binne en buite die Britse koloniale kantoor in soverre dit op konfederasie betrekking gehad het. Ook kry die leser insae in die karakter en persoonlikheid van ministers, amptenare en ander persone wat betrokke was.

'n Aspek wat myns insiens verwaarloos is, is die rol wat die Imperialisme as 'n motief in die konfederasieskemas gespeel het. Wel word op bladsy 30 die vernaamste stuwingsfaktore vir die Imperialisme aangestip, byvoorbeeld kolonies moet help om die magsewewig in Europa te bewaar; dit is noodsaaklik dat arbeiders na die kolonies uitwyk om 'n agrariese rewolusie te verhinder; trotsheid van ras; idees oor Imperiale federasie; en groter staatkundige eenhede soos weerspieël in die federasie van Kanada en die unifikasies van Duitsland en Italië. Ook beveg Goodfellow op bladsy 218 die teorie dat Brittanje se Nuwe Imperialisme 'n reaksie was teen die opkomende nasionalisme in Afrika wat krisisse kon veroorsaak en Britse sekuriteit verlam. Tereg wys hy daarop dat daar nie in Suid-Afrika sodanige krisisse was nie en verwys hy na F. A. van Jaarsveld se *Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn*, waarvolgens Afrikanernasionalisme eers in die tagtigerjare 'n faktor geword het waarmee rekening gehou moes word. Hierdie redenasie is korrek, maar was die Imperialisme en alles warvoor dit gestaan het nie 'n motief vir Carnarvon se konfederasiebeleid nie? Weliswaar erken Goodfellow dat Carnarvon en Frere Imperialiste was, maar hy toon nie duidelik aan in hoeverre hierdie persone in hulle optrede deur Imperiale neigings geïnspireer is nie. Indien hy van mening was dat hulle nie deur die Imperialisme beïnvloed is nie, moes hy dit bewys het, veral waar skrywers soos F. A. van Jaarsveld en G. D. Scholtz aantoon dat die Imperialisme kort na 1870 'n houvas op Britse staatsmanne gekry het.[16]

Goodfellow het ongetwyfeld breë navorsing gedoen en het na my wete die dokumentêre materiaal in Engeland volledig uitgeput; nie net vir die jare 1870-1881 waaroor die werk eintlik gaan nie, maar ook vir die konfederasieskemas voor 1870. Hy maak ook daarop aanspraak dat hy die eerste een is wat gedrukte kopieë van korrespondensie tussen Carnarvon en Froude gebruik het.[17]

Die sekondêre werke wat hy geraadpleeg het, is nie almal direk van toepassing nie, onder andere G. Pyrah se *Imperial Policy and South Africa 1902-1910* en L. M. Thompson se *The Unification of South Africa, 1902-1910*. Dit is ook opmerklik dat hy nie C. F. J. Muller se *Die Britse Ower-*

---

16. F. A. van Jaarsveld: *Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn* 1868-1881 (Johannesburg, 2de druk, 1959), pp. 117-120. G. D. Scholtz: *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek* 1652-1952. (Johannesburg, 1954), pp. 162-164. G. D. Scholtz: *Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog*, I (Johannesburg, 1947), hoofstuk III.
17. Goodfellow meen dat die oorspronklike stukke vernietig is.

*heid en die Groot Trek* geraadpleeg het nie, ofskoon hy tog aandag gegee het aan J. S. Galbraith se *Reluctant Empire* en selfs aan S. D. Neumark se *Economic Influences on the South African Frontier* 1652-1836. Ook G. D. Scholtz se *Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog* en sy *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek* is nie gebruik nie.

Die hoofstuk-indeling van hierdie werk verdien lof en die titels is paslik. Ook die onderhoofstukke is gebalanseerd en afgerond. Daarenteen is die aanbieding nie altyd onderhoudend nie en die skrywer verval soms in kleiner besonderhede wat die hooflyne verdof. Hierby kom ook die gewoonte om datums sonder die jaartal te vermeld, met die gevolg dat die leser dikwels twyfel in watter jaar hy hom presies bevind.

Tog is die besonderhede nie altyd sinneloos nie. Vir die eerste keer kry 'n mens in hierdie werk 'n volledige en gemotiveerde oorsig van onder andere Froude se doen en late in Suid-Afrika, Carnarvon se onderhandelings met Molteno en met Brand, die verloop van die konferensie in Londen en die inhoud van die Suid-Afrika-wet. Ook die rol wat Frere in die konfederasiebeleid gespeel het en waaroor selfs De Kiewiet nie duidelikheid kon kry nie, kom tot sy reg. Ook die bydrae wat Wolseley gelewer het, kom helder na vore, beter selfs as in J. H. Lehmann se biografie oor Wolseley.[18]

Die skrywer het sy stof eerlik en objektief aangewend. Hy het nie toegelaat dat ander gesigspunte hom beïnvloed nie. So wys hy byvoorbeeld op 'n aantal foutiewe stellings en gevolgtrekkings van De Kiewiet. Tog kon Goodfellow in 'n paar gevalle 'n meer kritiese sin aan die dag gelê het by die beoordeling van sy bronne-materiaal. Om byvoorbeeld op bladsy 23 te beweer dat daar in 1868 'n begeerte vir konfederasie in Suid-Afrika was en hierdie stelling slegs te baseer op 'n memorie wat 'n paar Kapenaars aan Buckingham gerig het, is vergesog. Opvallende feitefoute kom min voor. Op bladsy 81 word die wysiging wat Wolseley in die Natalse wetgewende vergadering aangebring het, byvoorbeeld foutief gestel. Oor die algemeen verdien die skrywer lof vir die versigtigheid wat hy in alle opsigte aan die dag gelê het.

Hoewel die taal en styl oor die algemeen goed is en by wyle selfs die trefkrag van 'n De Kiewiet weerspieël, lees die werk nie altoos vlot nie. Sommige dele moet gelees en herlees word om 'n duidelike beeld te kry.

Die tegniese versorging van die werk is bevredigend en beantwoord aan die wetenskaplike vereistes. Beswaar kan ingebring word teen die talle bronneverwysings wat in een voetnoot opgehoop word. Die gebruik om 'n voetnoot aan die end van 'n paragraaf te plaas en dan alle bronne wat daaroor handel aan te dui, het die nadeel tot gevolg dat dit nie altyd ooglopend is uit watter bron 'n aanhaling gelig is nie.

Oor die algemeen beskou, het Goodfellow 'n belangrike bydrae tot ons geskiedskrywing gelewer. Navorsers wat hulle op die terrein van die Britse federasieskemas wil begeef, sal wel deeglik met hierdie werk rekening moet hou.

Dr. M. C. van Zy

18. *All Sir Garnet* (Londen, 1964).